

For full details see enclosed pamphlet.
Vir volledige besonderhede sien aangehegte pamflet

Read the label carefully before opening



ERASE 360 SL

Botswana: Reg. No. W130314, Act No. 18 of 1999

A NON-SELECTIVE SYSTEMIC POST-EMERGENCE HERBICIDE FOR THE CONTROL OF PERENNIAL AND ANNUAL WEEDS IN AGRICULTURE AND INDUSTRIAL AREAS.

'n NIE-SELEKTIEWE SISTEMIESE NA-OPKOM ONKRUIDDODER VIR DIE BEHEER VAN EEN- EN MEERJARIGE ONKRUIDE IN LANDBOU EN INDUSTRIËLE GEBIEDE.

HERBICIDE GROUP CODE G ONKRUIDDODERGROEPKODE

Active ingredient:

Glyphosate..... 480 g/ℓ
(Isopropylamine salt)
Glyphosate (acid equivalent).....360 g /ℓ

Aktiewe bestanddeel:

Glifosaat..... 480 g/ℓ
(Isopropielamien sout)
Glifosaat (suur ekwivalent) 360 g/ℓ

Net Volume



Netto Volume



REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER:

Nulandis® (A division of AECI Limited) / Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)

Reg. No. / Nr. 1924/002590/06
P.O. Box / Posbus 14418
Witfield, 1467
Tel : (011) 823 8000
www.nulandis.com

IN CASE OF POISONING PLEASE PHONE / IN GEVAL VAN VERGIFTIGING SKAKEL
0861555777 / 0824468946

Batch No:
Lotnommer:

Date of Manufacture:
Vervaardigingsdatum:

UN No./VN Nr. 3082 Environmentally Hazardous substance, liquid n.o.s.



**CAUTION
VERSIGTIG**



ERASE 360 SL

Botswana: Reg. No. W130314, Act No. 18 of 1999

A NON-SELECTIVE SYSTEMIC POST-EMERGENCE HERBICIDE FOR THE CONTROL OF PERENNIAL AND ANNUAL WEEDS IN AGRICULTURE AND INDUSTRIAL AREAS.

HERBICIDE GROUP CODE G

Active ingredient:

Glyphosate (Isopropylamine salt)..... 480 g/ℓ
Glyphosate (acid equivalent).....360 g /ℓ

REGISTRATION HOLDER :

Nulandis® (A division of AECI Limited)

Reg. No. 1924/002590/06

P.O. Box 14418

Witfield, 1467

Tel : (011) 823 8000

CAUTION

WARNINGS:

Poisonous if swallowed. Avoid contact with skin and eyes since the product is an irritant.

May cause serious eye damage.

Can be corrosive to zinc and other metal equipment.

Very toxic to aquatic organisms.

Do not mix, store or apply **ERASE 360 SL** solutions in galvanised or unlined steel (except stainless steel) containers or spray tanks.

ERASE 360 SL may react with such containers to form a highly combustible and explosive gas mixture.

Store in a cool, dry, well-ventilated place, away from food, feed, seed, fertilizers and other agricultural remedies.

Keep out reach of children, uninformed persons and animals.

Re-entry: Do not enter treated area until spray deposit has dried unless wearing protective clothing. In case of poisoning – CALL A DOCTOR AND MAKE THIS LABEL AVAILABLE TO HIM.

Aerial application: Notify all the inhabitants of the immediate vicinity of the area to be sprayed and issue the necessary warnings. Do not spray over or allow drift to contaminate water or adjacent areas. **ERASE 360 SL** is a highly active herbicide that in small quantities, when used incorrectly can cause serious damage to crop seedlings, deciduous fruit trees and grape vines during the budding – and early season growth stages. Under the following conditions it can cause serious damage as far as 3 to 5 km from the nearest spray path of the aircraft: Cloudy weather with relative humidity above 80 % and low air movement of less than 5 km per hour. When such conditions prevail, aerial application should **NOT** be carried out where crop seedlings, deciduous fruit trees and grape vines in budding or early development stages are present within 5 km of the nearest spray path of the aircraft.

ALTHOUGH THIS REMEDY HAS BEEN EXTENSIVELY TESTED UNDER A LARGE VARIETY OF CONDITIONS THE REGISTRATION HOLDER DOES NOT WARRANT THAT IT WILL BE EFFICACIOUS UNDER ALL CONDITIONS BECAUSE THE ACTION AND EFFECT THEREOF MAY BE AFFECTED BY FACTORS SUCH AS ABNORMAL CLIMATIC AND STORAGE CONDITIONS; QUALITY OF DILUTION WATER; COMPATIBILITY WITH OTHER SUBSTANCES NOT INDICATED ON THE LABEL AND THE OCCURRENCE OF RESISTANCE OF WEEDS AGAINST THE REMEDY CONCERNED AS WELL AS BY THE METHOD, TIME AND ACCURACY OF APPLICATION. THE REGISTRATION HOLDER FURTHERMORE DOES NOT ACCEPT RESPONSIBILITY FOR DAMAGE TO CROPS, VEGETATION, THE ENVIRONMENT OR HARM TO MAN OR ANIMAL OR FOR LACK OF PERFORMANCE OF THE REMEDY CONCERNED DUE TO FAILURE OF THE USER TO FOLLOW THE LABEL INSTRUCTIONS OR TO THE OCCURRENCE OF CONDITIONS, WHICH COULD NOT HAVE BEEN FORESEEN IN TERMS OF THE REGISTRATION. CONSULT THE REGISTRATION HOLDER IN THE EVENT OF ANY UNCERTAINTY.

PRECAUTIONS:

Do not inhale fumes or spray mist.

Wear face shield and rubber gloves when handling concentrate.

In case of accidental contact with skin wash immediately with plenty of water. In the event of accidental eye contact rinse cautiously with water for several minutes and flush eyes with clean water and get medical attention, if necessary.

Do not eat, drink or smoke whilst mixing or applying or before washing hands and face and changing clothes.

Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

Prevent spray drift onto other crops, grazing or any other areas not under treatment as this will cause serious crop damage.

Clean applicator thoroughly before re-using and dispose of wash water where it will not contaminate crops, grazing, rivers or dams.

ERASE 360 SL is actively absorbed through immature bark and may result in localised or translocated injury to plants.

CONTACT WITH SPRAY DRIFT OR DIRECT CONTACT WITH LEAVES OR IMMATURE BARK AND FRUIT OF DESIRED PLANTS, MUST BE AVOIDED AT ALL COST.

When empty, invert the empty container over the spray or mixing tank and allow to drain for at least 30 seconds after the flow has slowed down to a drip. Thereafter rinse the container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of that of the container. Add the rinsings to the contents of the spray tank and destroy the container by perforation and flattening and do not use for any other purpose.

RESISTANCE WARNING:

For resistance management, **ERASE 360 SL** is a group code G herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **ERASE 360 SL** and other group code G herbicides. The resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. The resistant weeds may not be controlled by **ERASE 360 SL** or any other group code G herbicides.

The following weed species/weeds have been found to be resistant to glyphosate in some areas: *Conyza* spp. (Fleabane), *Lolium* spp. (Ryegrass), *Plantago lanceolata* (Narrow-leaved ribwort)

To delay herbicide resistance:

- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide group code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide group codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product

DIRECTIONS FOR USE: USE ONLY AS DIRECTED

Surfactants:

For consistent optimum results, **ERASE 360 SL** should not be diluted beyond 1,5% in the final spray volume. Should this dilution fall below 1,5% add 500 ml per 100 l of a suitable surfactant.

USE RESTRICTIONS:

ERASE 360 SL is a non-selective systemic herbicide, which is only active when applied post-emergence to the foliage and immature (green) bark of plants.

ERASE 360 SL's action is slow and the maximum herbicidal effect is only visible a few weeks after application.

Apply when weeds are actively growing in spring and summer or autumn to difficult to control perennial weeds when they are actively translocating nutrients to roots, bulbs, rhizomes and stolins.

Regrowth should be resprayed as recommended to prevent re-infestation of the treated area.

Irrigation of weeds a few days prior to treatment will ensure that weeds are actively growing and ensure maximum herbicidal efficacy.

Do not apply to wet weeds.

Do not apply to dormant weeds or weeds which suffer from moisture or temperature stress.

Rain and irrigation within 6 hours of application may reduce the efficacy.

Do not apply to weeds, which are covered with a layer of dust as efficacy will be impaired.

Pesticide run-off from treated trees onto **ERASE 360 SL** treated weeds on the orchard floor may adversely affect herbicidal efficacy.

Do not spray pesticides within 12 hours after **ERASE 360 SL** application.

ERASE 360 SL has no pre-emergence herbicidal activity and repeated applications are necessary to control weeds originating from seed after the previous application.

Ensure that the target weeds are fully exposed to the **ERASE 360 SL** spray.

In heterogeneous weed populations consisting of annuals and perennials, mow or spray annuals, and respray after re-growth of perennials.

Pre-plant weed control sprays on sandy soils (<10 % clay) should take place at least 7 days before sowing or transplanting any seedlings (tomato and tobacco seedlings are the most sensitive). Observe longer waiting periods on soils containing less than 10 % clay.

COMPATIBILITY:

ERASE 360 SL is compatible with **ASC** (Reg. No. L9065), **BLADBUFF 5** (Reg. No. L3351), **BLADBUFF 7** (Reg. No. L8121), **BLADBUFF 12** (Reg. No. L8201), **IMIBOOST** (Reg. No. L7470), **LI700** (Reg. No. L6550), **STOMAWET** (Reg. No. L6692) and **TRONIC** (Reg. No. L3685).

For ground application only: **ERASE 360 SL** can be tank mixed with MCPA (potassium salt) and simazine with **ASC** (Reg. No. L9065,) and/or both **IMIBOOST** (Reg. No. L7470). The addition of ammonium sulphate (2%) to the spray water before adding MCPA or simazine in tank mixture with **ERASE 360 SL** improves compatibility.

However, since the formulation of other products may change without the knowledge of Nulandis and the quality of water may vary from farm to farm, the compatibility test must always be carried out prior to application to confirm compatibility.

It is recommended that a pre-test on the physical compatibility and plant safety be done before the use of such a combination with **ERASE 360 SL** in a tank mixture.

APPLICATION METHOD:

GROUND APPLICATION:

ERASE 360 SL can be applied in spray volumes ranging from 30 - 600 l / ha.

Various types of application equipment are suitable for application viz. tractor mounted boom sprayers, knapsack sprayer, CDA applications, wiper equipment and aerial application.

Always ensure that equipment is thoroughly cleaned.

Always use high quality clean water with a low /free of organic matter and low salt content. Avoid the use of brack or muddy water, or water with a high colloid content derived from soils high in organic matter.

Calibrate the application equipment correctly under field conditions.

Do not spray when wind speeds exceeds 10 km per hour.

Ensure a fine (**NOT** a mist spray), even droplet distribution and thorough coverage of the target weeds.

Where drift may be a hazard use low pressures of 100 to 200 kPa or use low drift nozzles.

Ensure thorough coverage of the target weeds without spraying to run-off.

AERIAL APPLICATION :

Aerial application may only be done by a registered aerial application operator using a correctly calibrated, registered aircraft according to the instructions of SANS Code 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies). It is important to ensure that the spray mixture is distributed evenly over the target area and that the loss of spray material during application is restricted to a minimum. It is therefore essential that the following criteria are met:

The use of a suitable drift retardant adjuvant and / or low drift nozzles (e.g. straight stream nozzles) is recommended. In the case of fixed-wing aircraft flying at a speed faster than 130 mph, the maximum deflection angle of the nozzles or spray stream, as measured from a horizontal straight backwards orientation, may not exceed 30 degrees. In the case of slower flying fixed wing aircraft the maximum deflection angle, as described above, may not exceed 55 degrees.

Equipment:

Use suitable atomising equipment (hydraulic nozzles or rotary atomisers) that will produce the desired droplet size and coverage, but which will ensure the minimum loss of product through drift. The operator must use a setup that will produce a droplet spectrum with the lowest possible relative span.

All nozzles / atomisers should be positioned within the inner 60 to 75 % of the wingspan to prevent droplets from entering the wingtip vortices.

Application parameters:

A minimum volume of 30 – 50 ℓ spray mixture per hectare is recommended. As this product has not been evaluated at a reduced volume rate, the registration holder cannot guarantee efficacy, or be held responsible for any adverse effects if this product is applied aerially at a lower volume rate than recommended above.

A droplet coverage of 30-40 droplets per cm^2 must be recovered at the target.

A droplet spectrum with a VMD (Volume Median Diameter) of 300 - 350 microns is recommended. Ensure that the production of fine droplets (smaller than 150 microns) is restricted to a minimum.

The height of the spray boom should be maintained at 3-4 metres above the target. Do not spray when aircraft is in a climb, at the top or during a dive, or when banking.

Apply before the crop becomes too dense, thus preventing proper coverage of the weeds.

Meteorological conditions:

The difference between the wet and dry bulb readings as determined by a whirling hygrometer, must not exceed 8 °C

Do not spray under turbulent, unstable conditions during the heat of the day when rising thermals and downdraughts occur.

Do not spray under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer).

Do not spray if the wind speed exceeds 15 km/h.

Stop spraying under turbulent, unstable and dry conditions during the heat of the day.

Spraying under temperature inversion conditions (spraying in or above the inversion layer) and/or high humidity conditions (relative humidity 80 % and above) may lead to the following:

- reduced efficacy due to suspension and evaporation of small droplets in the air (inadequate coverage).
- damage to other sensitive crops and/or non-target areas through drifting of the suspended spray cloud away from the target field.

General:

Ensure that fields are accurately marked and that the aerial spray operator knows exactly which fields to spray.

Obtain an assurance from the aerial spray operator that the above requirements will be met.

Drift can be controlled by:

1. Addition of drift control agents.
2. The use of low drift spray nozzles.

UNDESIRED TREES AND WOODY PLANTS
ALIEN INVADERS AND DECLARED INVADING SPECIES
Apply in 200 ℓ water per ha.

SPECIES CONTROLLED	ℓ / ha	HANDGUN ℓ / 100 ℓ water	KNAPSACK mℓ / 20 ℓ calibrated at 200 ℓ / ha	REMARKS
<i>Acacia mearnsii</i> Black wattle	3	1,5	300 mℓ	Summer / autumn application. Spray up to 2 m high.
<i>Acacia saligna</i> Port Jackson willow a) Bipinnate leaf stage b) Up to 60 cm high	2 4	1,5 1,5	300 mℓ 300 mℓ	Apply early summer to autumn.
<i>Eucalyptus grandis</i> Blue gum a) Single stem trees b) Multi-stem trees		5 7	1000 mℓ 1400 mℓ	Apply as a stump treatment, after felling and removal of saw dust on same day as felling, to cambium using low pressure and a hollow cone nozzle. Should coppicing occur ringbark to expose entire cambium area and re-apply.
<i>Chromolaena odorata</i> Triffid Weed = Paraffin Weed		1	200 mℓ	Apply in summer / autumn to young plants to a height of 0,5 to 1,2m. Coppices from slashed plants may require a follow-up treatment.
<i>Caesalpinea decapetala</i> Mauritius thorn	3	1,5	300 mℓ	
<i>Lantana camara</i> Lantana	6	3	600 mℓ	Apply during summer / autumn and wet plants completely.
<i>Solanum mauritianum</i> Bugtree = Bug weed a) Seedlings b) Large trees	 2	500 mℓ 1,5	300 mℓ	Apply summer / autumn. Spray up to a height of 1,0 m. Apply to 1 m high coppice growth after reducing stems to ± 100 mm.
<i>Sesbania punicea</i> Red Sesbania a) Seedlings up to 1 m over 1 m b) Shrubs or tall trees	3	1,5 2,0 1,5 - 2	300 mℓ 400 mℓ 300 - 400 mℓ	Slash and treat coppice to height of 1 m.

PERENNIAL GRASSES AND BROADLEAVED WEEDS

APPLY IN 200 ℓ WATER PER ha

SPECIES CONTROLLED	BOOM SPRAYER ℓ / ha	HANDGUN ℓ / 100 ℓ water	KNAPSACK ml / 20 ℓ calibrated at 200 ℓ / ha	REMARKS
<i>Cynodon dactylon</i> Common Couch = Common Quick Grass a) initial treatment b) follow up treatment	8 6	4 3	800 ml 600 ml	Apply in summer and repeat in autumn or treat in autumn and follow up in summer.
<i>Cyperus esculentus</i> Yellow Nutsedge = Yellow Watergrass And <i>Cyperus rotundus</i> Purple Nutsedge = Red watergrass	6		600 ml	Apply in summer at pre-flowering stage. If re-growth occurs, spray with 1,5 % solution or 2,2 kg / ha. (Best results in Feb/March).
<i>Eragrostis curvula</i> Weeping Love Grass	2	1,5	300 ml	Apply to fully-grown grass but before onset of dormancy.
<i>Paspalum dilatatum</i> Common Paspalum	6	3	600 ml	Apply at flowering and re-apply to re-growth in autumn at 4 ℓ / ha.
<i>Paspalum paspaloides</i> => <i>Paspalum distichum</i> Couch Paspalum = Water Couch	8		800 ml	Apply during flowering but before seed shed. Repeat application on re-growth at 4 ℓ / ha or 300 ml / 20 ℓ.
<i>Pennisetum clandestinum</i> Kikuya grass a) initial application b) repeat application	4 3	1,5 1,5	400 ml 300 ml	Apply when grass is growing vigorously and treat any re-growth to prevent re-infestation.
<i>Panicum maximum</i> Ubabe = Guineagrass	6	3	600 ml	Repeat application at 3 ℓ / ha or 1,5 % solution.
<i>Setaria megaphylla</i> Broadleaved Bristle grass	6	3	600 ml	Apply during summer or autumn.
<i>Plantago lanceolata</i> Narrow-leaved Ribwort	3	1,5	300 ml	Apply before flowering.
<i>Malva parviflora</i> Small mallow	3		300 ml	Apply before flowering. Repeat after regrowth.

**CONTROL OF WEEDS IN AGRICULTURE (PRE-PLANTING/REDUCED TILLAGE) AND IN
FRUIT AND PLANTATION CROPS AND FORESTRY**

WEEDS	BOOM SPRAYER ℓ / ha	KNAPSACK ml / 20 ℓ calibrated at 200 ℓ / ha	REMARKS
Annual weeds	2 - 3	200 - 300 ml	Apply during the 6 to 8-leaf stage. Thereafter use the higher rate on <i>Conyza</i> and <i>Commelina</i> spp.
Perennial weeds	-	-	Refer to specific weed species as indicated in the table.

WEED CONTROL IN SUGARCANE

PROBLEM	BOOM SPRAYER ℓ / ha	KNAPSACK ml / 20 ℓ calibrated at 200 ℓ / ha	REMARKS
Annual weeds	2 – 3	200 - 300 ml	Sugarcane is extremely susceptible to damage, especially during the young growing stages. Apply pre-plant overall or as a directed spray and avoid drift to prevent injury to plant or ratoon cane.
Perennial weeds <i>Cyperus rotundus</i> Purple nutsedge	6	600 ml	Apply as a directed spray at early flowering and a second application at maximum re-emergence.
Cane eradication 1. without undercutting roots	8 - 10	800 – 1 000 ml	Apply at a height of 450 mm when tillering from last ratoon is complete.
2. with undercutting roots	4 - 8	400 - 800 ml	Apply when tillers are 350 to 1 000 mm tall in last ratoon. After 2 - 10 days undercut roots at a depth of 100 - 150 mm using a subsurface shear.
Diseased or off-type stools		2 ℓ	Apply as a spot treatment

CONTROL OF WEEDS IN INDUSTRIAL AREAS

ERASE 360 SL can be used to control annual and perennial unwanted plants by post-emergence application on industrial sites such as roadsides, power substations, railroads etc. Consult the weed tables for specific weeds on this label

WEEDS	BOOM SPRAYER ℓ / ha	KNAPSACK mℓ / 20 ℓ calibrated at 300 ℓ / ha	REMARKS
Annual weeds	2 – 4	133 - 266 mℓ	Use the lower rate during the 6 to 8-leaf stage and the higher dosage up to seed formation. Weeds must be growing actively for maximum efficacy.
Perennial weeds	4 - 10	266 - 666 mℓ	Apply between summer and autumn and repeat on re-growth. Protect wanted trees / plants against contact.

CROP USE RESTRICTIONS

CROP	REMARKS
GRAPES	Do not use in grapes younger than 2 years or near interplants younger than 2 years. Apply only as a directed spray from bud to dormancy. Use only during the dormant pre-budburst stage for destruction of cover crops in late winter in the Western Cape. Use only during pre-budburst between low growing bush or trellised vines or vines lower than 60 cm. Avoid spray drift contact with buds, foliage, green stems, suckers and fresh wounds. Allow a safety period of at least 10 days between pruning and application to prevent uptake from wounds.
POME FRUIT: Apples and Pears	Use only as a directed spray in orchards older than 3 years or near interplants older than 3 years provided that green bark and foliage are protected from spray drift.
STONE FRUIT: Peaches, Apricots, Plums.	Prevent spray and spray drift contact with leaves, green stems and fruit.
SUB TROPICAL FRUIT: Citrus, Nuts, Avocados, Litchis, Papayas.	Prevent spray and spray drift contact with leaves, green stems and fruit. Allow a 10 day safety period after pruning before application, to prevent uptake from wounds.

BLADBUFF 5®, **BLADBUFF 12®**, **BLADBUFF® 7** and **TRONIC®** are the registered trademarks of AECI Limited (Nulandis® a division of AECI Ltd.)

LI 700® is the registered trademark of LOVELAND INDUSTRIES, INC., GREELEY, USA

ASC, **IMIBOOST** and **STOMAWET** are the registered tradenames of Nulandis® (A division of AECI Limited)

ERASE 360 SL

Botswana: Reg. Nr. W130314, Wet Nr. 18 van 1999

'n NIE-SELEKTIEWE SISTEMIESE NA-OPKOM ONKRUIDDODER VIR DIE BEHEER VAN EEN- EN MEERJARIGE ONKRUIDE IN LANDBOU EN INDUSTRIËLE GEBIEDE.

ONKRUIDDODERGROEPKODE G

Aktiewe bestanddeel:

Glifosaat (Isopropielamien sout).....480 g/l

Glifosaat (suur ekwivalent)360 g/l

REGISTRASIEHOUER:

Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)

Reg. Nr. 1924/002590/06

Posbus 14418

Witfield, 1467

Tel : (011) 823 8000

VERSIGTIG

WAARSKUWINGS:

Giftig indien ingesluk. Vermy kontak met vel en oë aangesien die produk irriterend kan wees.

Mag ernstige oogskade veroorsaak.

Kan vretend wees op sink en ander metaaltoerusting.

Baie giftig vir waterorganismes.

Moenie **ERASE 360 SL** oplossings in gegalvaniseerde of ongevoerde staal (behalwe vlekvrystaal) houers óf toedieningshouers meng, bewaar of toedien nie.

ERASE 360 SL mag met sulke houers chemies reageer en 'n hoogs plobbare en brandbare gasmengsel vorm.

Berg in 'n koel, droë en goed geventileerde plek, weg van voedsel, voer, saad, bemestingstowwe en ander landboumiddels.

Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

Herbetreding: Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word. In geval van vergiftiging - ONTBIED 'N GENEESHEER EN STEL HIERDIE ETIKET AAN HOM BESKIKBAAR.

Lugtoediening: - stel alle persone in die onmiddellike omgewing van die gebied wat behandel gaan word in kennis en reik die nodige waarskuwings uit. Moenie aangrensende gebiede of waterbronne bespuit of toelaat dat die sproei newel daarheen oorwaai nie. **ERASE 360 SL** is 'n uiters aktiewe onkruiddoder, wat indien verkeerdelik aangewend, ernstige skade kan aanrig aan gewassaailinge, sagtevrugtebome en wingerde tydens bot en vroeë seisoensgroei. Onder die volgende klimaatstoestande kan dit ernstige skade aanrig vir so ver as 3 tot 5 km vanaf die naaste spuitbaan van die vliegtuig: Bewolkte weer met relatiewe humiditeit hoër as 80 % en stadige lugbeweging van minder as 5 km per uur. Waar sulke toestande heers, moet toedienings **NIE** gedoen word indien gewassaailinge, sagtevrugtebome of wingerde in bot of vroeë ontwikkelingstadia voorkom binne 5 km vanaf die naaste spuitbaan van die vliegtuig nie.

ALHOEWEL HIERDIE MIDDEL OMVATTEND ONDER 'N GROOT VERSKEIDENHEID TOESTANDE GETOETS IS WAARBORG DIE REGISTRASIEHOUER NIE DAT DIT ONDER ALLE TOESTANDE DOELTREFFEND SAL WEES NIE AANGESIEN DIE WERKING EN EFFEK DAARVAN BEINVLOED KAN WORD DEUR FAKTORE SOOS ABNORMALE KLIMAATS- EN BERGINGSTOESTANDE, KWALITEIT VAN VERDUNNINGSWATER, VERENIGBAARHEID MET ANDER STOWWE WAT NIE OP DIE ETIKET AANGEDUI IS NIE EN DIE VOORKOMS VAN WEERSTAND VAN DIE ONKRUIDE TEEN DIE BETROKKE MIDDEL SOWEL AS DIE METODE, TYD EN AKKURAATHEID VAN TOEDIENING. VERDER AANVAAR DIE REGISTRASIEHOUER NIE VERANTWOORDELIKHEID VIR SKADE AAN GEWASSE, PLANTEGROEI, DIE OMGEWING OF VIR NADELIGE EFFEK OP MENS OF DIER OF VIR 'N GEBREK AAN PRESTASIE VAN DIE BETROKKE MIDDEL AS GEVOLG VAN DIE VERSUIM VAN DIE GEBRUIKER OM ETIKETAANWYSINGS NA TE KOM OF AS GEVOLG VAN DIE ONTSTAAN VAN TOESTANDE WAT NIE KRAGTENS DIE REGISTRASIE VOORSIEN KON WORD NIE. RAADPLEEG DIE VERSKAFFER IN DIE GEVAL VAN ENIGE ONSEKERHEID.

VOORSORGMAATREëLS:

Moenie dampe of sproeinewel inasem nie.

Dra gesigskerm en rubberhandskoene wanneer konsentreer hanteer word.

Ingeval van toevallige velkontak, was onmiddellik met genoegsame water. In geval van toevallige oogkontak, spoel oë versigtig uit met skoon water vir 'n aantal minute en verkry mediese advies, indien nodig.

Moenie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening of voordat hande en gesig gewas en skoon klere aangetrek is nie.

Verhoed besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

Verhoed besoedeling van sproeinewel na nie-teiken gewasse, weiding en ander gebiede wat nie onder behandeling is nie, aangesien dit ernstige skade mag veroorsaak.

Maak toedieningsapparaat skoon na gebruik en doen weg met waswater waar dit nie gewasse, weiding, riviere en damme sal besoedel nie.

ERASE 360 SL word aktief deur onvolwasse bas opgeneem en mag aanleiding gee tot lokale skade óf skade as gevolg van translokasie.

KONTAK D.M.V SPROEINEWEL ÓF DIREK MET BLARE ÓF ONVOLWASSE BAS EN VRUGTE VAN NIE-TEIKEN PLANTE MOET TEN ALLE KOSTE VERMY WORD.

Sodra leeg, keer die leë houer uit oor die spuittenk of mengbak en dreineer vir minstens 30 sekondes nadat die vloeistof tot 'n drup verminder het. Spoel die houer daarna driekeer uit met 'n volume water gelykstaande aan 10 % van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk en vernietig die leë houer deur gate daarin te maak en plat te druk. Moenie vir enige ander doel gebruik nie.

WEERSTANDSWAARSKUWING:

ERASE 360 SL is 'n groepkode G onkruidodder. Enige populasie van 'n spesifieke onkruid spesie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **ERASE 360 SL** of enige ander groepkode G onkruidodders het. Indien hierdie onkruidodders herhaaldelik aangewend word, kan die weerstandbiedende individue uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **ERASE 360 SL** of enige ander groepkode G onkruidodders beheer word nie.

Die volgende spesies / onkruid mag weerstand toon teen Glifosaat in sekere gebiede: *Conyza* spp. (Skraalhans), *Lolium* spp. (Raaigras), *Plantago lanceolata* (Smalweëblaar)

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Vermyn die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van produkte in verskillende onkruidoddergroepcodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

GEBRUIKSAANWYSINGS: GEBRUIK SLEGS SOOS AANGEDUI

Bevorderingsmiddels :

Vir konstante optimum resultate, behoort **ERASE 360 SL** nie verder as 1,5% van die finale spuitvolume verdun te word nie. Indien die verdunning hoër is as 1,5% in die finale spuitvolume, voeg 500 ml per 100 l van 'n geskikte bevorderings- / benattingsmiddel by.

GEBRUIKSBEPERKINGS:

ERASE 360 SL is 'n nie-selektiewe sistemiese onkruidodder wat **alleenlik** aktief is wanneer dit na-opkoms op blare, groen stingels en onvolwasse (groen) bas van plante toegedien word.

ERASE 360 SL se werking is stadig en die maksimum onkruidodende effek word eers na 'n week óf meer na toediening, waargeneem.

Dien toe wanneer onkruid aktief groei gedurende lente en somer óf herfs op moeilik-om-te-beheer meerjarige onkruid wanneer dit aktief voedingstowwe na wortels, knolle, bolle, risome en spruite/lote translokeer.

Hergroei moet weer behandel word soos aanbeveel om herinfestasië van die behandelde gebied te voorkom. Besproeiing van onkruid 'n paar dae vóór behandeling sal verseker dat onkruid aktief groei en dat maksimum onkruidodende effektiwiteit verkry word.

Moenie op nat onkruid toedien nie.

Moenie rustende of onkruid wat aan vog- of hittestremming ly, behandel nie. Reën en besproeiing binne 6 uur na toediening mag die werking benadeel. Moenie op onkruid toedien wat met 'n laag stof bedek is nie, aangesien doeltreffendheid benadeel mag word.

Die afloop van plaagbeheermiddels vanaf behandelde bome op **ERASE 360 SL** behandelde onkruid mag die werking nadelig beïnvloed.

Moenie plaagbeheermiddels binne 12 uur na 'n **ERASE 360 SL** behandeling toedien nie.

ERASE 360 SL het geen vooropkoms onkruidodende eienskappe nie en herhaalde toedienings is nodig om onkruid te beheer wat ontstaan van saad, na die vorige toediening.

Verseker dat die teikenonkruid ten volle blootgestel is aan **ERASE 360 SL** bespuiting tydens toediening.

In geval van 'n gemengde populasie van een- en meerjarige onkruid, sny óf bespuit die eenjarige en herhaal bespuiting na hergroei van meerjariges.

Vóór plant onkruidbeheer toedienings op sanderige grond (<10 % klei) moet minstens 7 dae vóór die saai of uitplant van alle saailinge plaasvind (tamatie- en tabaksaailinge is veral sensitief). Langer wagperiodes op gronde met minder as 10 % klei moet gehandhaaf word.

VERENIGBAARHEID :

ERASE 360 SL is verenigbaar met **ASC** (Reg. Nr. L9065), **BLADBUFF 5** (Reg. Nr. L3351), **BLADBUFF 7** (Reg. Nr. L8121), **BLADBUFF 12** (Reg. Nr. L8201), **IMIBOOST** (Reg. Nr. L7470), **LI700** (Reg. Nr. L6550), **STOMAWET** (Reg. Nr. L6692) en **TRONIC** (Reg. Nr. L3685).

Slegs grondtoediening: **ERASE 360 SL** kan in tenkmengsels met MCPA (kaliumsout) en simasien met **ASC** (Reg. Nr. L9065,) en/óf beide **IMIBOOST** (Reg. Nr. L7470) gebruik word. Die byvoeging van ammoniumsulfaat (2%) in die spuitwater alvorens die MCPA of simasien in tenkmengsel met **ERASE 360 SL** bygevoeg word, verbeter die mengbaarheid.

Alhoewel die formulering van ander produkte mag verskil sonder die medewete van Nulandis en die kwaliteit van water mag verskil van plaas na plaas, moet 'n verenigbaarheidstoets uitgevoer word, vóór toediening om verenigbaarheid te bevestig.

'n Vooraf toets om fisiese mengbaarheid en plantveiligheid te bepaal word aanbeveel vóór die gebruik van só 'n kombinasie in tenkmengsels met **ERASE 360 SL**.

TOEDIENINGSMETODE:
GRONDTOEDIENING:

ERASE 360 SL kan toegedien word in spuitvolumes wat wissel van 30 - 600 ℓ / ha.

Verskeie tipes spuittoerusting is geskik vir toediening naamlik, trekker-gemonteerde balkspuite, rugsakspuite, beheerde druppeltoedieners, veetoedieners en d.m.v lugbespuiting.

Verseker dat toerusting deurentyd goed skoongemaak word.

Gebruik altyd goeie gehalte water met 'n lae / vry van organiese materiaal en 'n lae soutinhoud.

Vermý die gebruik van brak- of modderige water, óf water met 'n hoë lymstofinhoud wat voortspruit uit grond met 'n hoë organiese inhoud.

Kalibreer die toerusting korrek onder veldtoestande.

Moenie bespuit wanneer wind 'n spoedgrens van 10 km/uur oorskry nie.

Verseker 'n fyn (**NIE** 'n missproei), eweredige spuitdruppelverspreiding en deeglike bedekking van die teiken onkruid.

Waar spuitstofwegdrywing 'n gevaar mag wees, bespuit by lae druk van 100 tot 200 kPa óf gebruik lae druk spuitpunte.

Verseker deeglike bedekking van teiken onkruid sonder om tot afloop toe te dien.

LUGTOEDIENING:

Lugtoediening mag slegs deur 'n geregistreerde lugbespuitingsoperateur met 'n korrek gekalibreerde, geregistreerde vliegtuig volgens die instruksies van SANS 10118 (Aerial Application of Agricultural Remedies) gedoen word. Dit is belangrik om te verseker dat die spuitmengsel eweredig oor die teikenarea versprei word en dat die verlies aan spuitmengsel tydens toediening tot 'n minimum beperk word. Dit is dus belangrik om aan die volgende kriteria te voldoen:

Die gebruik van 'n geregistreerde drywingsbeheer middel en/óf lae drywing lugbespuiting spuitneuse (bv. "straight stream nozzles") word aanbeveel. In die geval van vastevlerk vliegtuie met 'n vliegspoed hoër as 130 mph, mag die defleksiehoek van die spuitneuse of spuitstroom, soos gemeet vanaf 'n horisontale reguit orientasie na agter, nie 30 grade oorskry nie. In die geval van vastevlerk vliegtuie wat stadiger vlieg, mag die defleksiehoek, soos hierbo beskryf, nie 55 grade oorskry nie.

Toerusting:

- Gebruik geskikte atomiseringsapparaat (hidroliese of roterende spuitkoppe) wat die vereiste druppelgrootte en bedekking sal produseer, maar wat die minste verlies van produk deur wegdrywing sal verseker.
- Die operateur moet 'n stelsel gebruik wat 'n druppelspektrum met die kleinste moontlike relatiewe span sal produseer.
- Al die spuitneuse/atomiseerders moet in die binneste 60 tot 75 % van die vlerkspan geplaas word om die beweging van druppels in die vlerkvorteks in te verhoed.

Toedieningsparameters:

- 'n Minimum volume van 30 – 50 ℓ spuitmengsel per hektaar word aanbeveel. Aangesien hierdie produk nie teen 'n verlaagde volume getoets is nie, kan die registrasiehouer nie effektiwiteit waarborg, of verantwoordelik gehou word vir enige nadelige effek indien hierdie produk teen 'n laer volume as hierbo aanbeveel, uit die lug toegedien word nie.
- 'n Druppelbedekking van 30-40 druppels per cm² moet op die teikenarea herwin word.
- 'n Druppelspektrum met 'n VMD van 300 – 350 mikron word aanbeveel. Verseker dat die produksie van fyn druppels (kleiner as 150 mikron) tot 'n minimum beperk word.
- Die hoogte van die spuitbalk moet op 3-4 meter bo die teiken gehandhaaf word. Moenie spuit wanneer die vliegtuig aan die bopunt is van, of tydens 'n duik, of terwyl dit uitklim of draai nie.
- Dien toe voordat die gewas te ruig word wat sal verhoed dat onkruid behoorlik bedek word.

Meteorologiese toestande :

Die verskil tussen die nat- en droëbollesing, soos met 'n swaaihiigrometer bepaal, moet nie 8°C oorskry nie. Moenie toedien tydens turbulente, onstabiele toestande gedurende die hitte van die dag wanneer styg en dalende konveksie windbeweging plaasvind nie.

Moenie toedien onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversielaag te spuit) nie.

Moenie spuit indien die windspoed 15 km/uur oorskry nie.

- Stop bespuiting tydens turbulente, onstabiele en droë toestande gedurende die hitte van die dag.
- Bespuiting onder temperatuur inversie toestande (deur bo of binne die inversie laag te spuit)
- en/of hoë lugvog toestande (relatiewe humiditeit 80% en meer) mag tot volgende probleme aanleiding gee:
 - a) verlaagde effektiwiteit aangesien die druppels as 'n wolk in die lug bly hang (onvoldoende bedekking op teiken).
 - b) skade aan nie-teiken gewasse of sensitiewe areas as gevolg van wegdrywing van die spuitwolk na nie-teiken area.

Algemeen :

Sorg dat die lande akkuraat gemerk is en die spuitoperator presies weet watter lande gespuit moet word.

Verkry 'n versekering van die spuitoperator dat aan die bogenoemde vereistes voldoen sal word.

Wegdrywing kan beheer word deur:

1. Die byvoeging van geskikte antiwegdryfmiddels.
2. Die gebruik van lae spuitnewelspuitpunte.

ONGEWENSDE BOME EN HOUTAGTIGE PLANTE
UITHEEMSE INDRINGERS VERKLAARDE INDRINGER SPESIES
Dien toe in 200 ℓ per ha.

SPESIES BEHEER	ℓ / ha	HANDSPUIT GEWEER ℓ / 100 ℓ water	RUGSAK ml / 20 ℓ gekalibreer teen 200 ℓ / ha	OPMERKINGS
<i>Acacia mearnsii</i> Swartwattel	3	1,5	300 ml	Somer of herfstoediening. Bespuit tot 2,0 m hoog.
<i>Acacia saligna</i> Port Jackson wilger a) Dubbel- vormigeblaarstadium b) tot 60 cm hoog	2 4	1,5 1,5	300 ml 300 ml	Dien toe in vroeë somer tot herfs.
<i>Eucalyptus grandis</i> Bloekom a) enkelstambome b) meerstammige en ander <i>Eucalyptus</i> spesies		5 7	1000 ml 1400 ml	Dien as 'n stambehandeling aan kambium toe na verwydering van saagsels op dieselfde dag van kap. Gebruik 'n lae druk met holkeëlsputpunte. Indien hergroei plaasvind verwyder bas om al die kambium bloot te stel en herhaal die toediening.
<i>Chromolaena odorata</i> Paraffienbos		1	200 ml	Dien toe gedurende somer of herfs op jong plante tot 'n hoogte van 0,5 - 1,2 m. Hergroei van gekapte plante mag 'n opvolgbehandeling benodig.
<i>Caesalpinia decapetala</i> Mauritiusdoring	3	1,5	300 ml	
<i>Lantana camara</i> Lantana	6	3	600 ml	Dien toe tussen somer of herfs en benat plante volledig.
<i>Solanum mauritianum</i> Luisboom = Groot Bitterappel a) Saailinge b) Groot bome	2	500 ml 1,5	300 ml	Dien toe tussen somer of herfs en bespuit tot 'n hoogte van 1,0 m. Bespuit 1,0 m hergroei nadat stamme afgekap is tot 'n hoogte van ± 100 mm.
<i>Sesbania punicea</i> Rooi-Sesbania a) Saailinge tot 1 m en hoër as 1 m b) Struik of groot bome	3	1,5 2,0 1,5 - 2	300 ml 400 ml 300 - 400 ml	Kap af en behandel hergroei tot 'n hoogte van 1,0 m.

MEERJARIGE GRAS- EN BREËBLAARONKRUIDE

DIEN TOE IN 200 ℓ WATER PER ha

SPESES BEHEER	BALK- SPUIT ℓ / ha	HAND- SPUIT- GEWEER ℓ / 100 ℓ water	RUGSAK- SPUIT ml / 20 ℓ gekalibreer teen 200 ℓ / ha	OPMERKINGS
<i>Cynodon dactylon</i> Gewone kweek a) aanvanklike behandeling b) opvolgbehandeling	8 6	4 3	800 ml 600 ml	Behandel in somer en volg op in herfs óf behandel in herfs en volg op in somer.
<i>Cyperus esculentus</i> Geeluintjie & <i>Cyperus rotundus</i> Rooiuintjie	6		600 ml	Dien toe in somer vóór blomstadium. Indien hergroei voorkom bespuit met 1,5 % oplossing óf 2,2 kg / ha. (Beste resultate in Februarie / Maart).
<i>Eragrostis curvula</i> Oulandsgras	2	1,5	300 ml	Behandel volwasse gras maar vóór aanvang van rusfase.
<i>Paspalum dilatatum</i> Gewone Paspalum	6	3	600 ml	Dien toe tydens blomstadium en her-behandel hergroei in herfs teen 4 ℓ/ha
<i>Paspalum paspaloides</i> => <i>Paspalum distichum</i> Kweek Paspalum = Buffelskweek	8		800 ml	Dien toe gedurende blom maar vóór saadstorting. Herhaal toediening op her- groei teen 4 ℓ/ha of 300 ml / 20 ℓ.
<i>Pennisetum clandestinum</i> Kikoejoegras a) aanvanklike behandeling b) opvolg behandeling	4 3	1,5 1,5	400 ml 300 ml	Bespuit tydens welige groei en herhaal op hergroei om her-infestasië te voorkom.
<i>Panicum maximum</i> Gewone buffelsgras	6	3	600 ml	Herhaal behandeling op her- groei teen 3 ℓ / ha of 1,5 % oplossing.
<i>Setaria megaphylla</i> Bosbuffelsgras	6	3	600 ml	Behandel gedurende die somer of herfs.
<i>Plantago lanceolata</i> Smalweëblaar	3	1,5	300 ml	Dien toe vóór blomvorming.
<i>Malva parviflora</i> Kiesieblaar	3		300 ml	Dien toe vóór blomvorming en herhaal na hergroei.

**ONKRUIDBEHEER IN LANDBOU (VOORPLANT / VERMINDERDE BEWERKING),
TUINBOU EN BOSBOU**

PROBLEEM	BALKSPUIT ℓ / ha	RUGSAKSPUIT ml / 20 ℓ gekalibreer teen 200 ℓ / ha	OPMERKINGS
Eenjarige onkruid	2 - 3	200 – 300 ml	Dien toe gedurende die 6 tot 8-blaarstadium. Gebruik die hoër dosis daarna op <i>Conyza</i> en <i>Commelina</i> spp.
Meerjarige onkruid	-	-	Verwys na betrokke onkruidspesies soos aangedui in tabel.

ONKRUIDBEHEER IN SUIKERRIET

PROBLEEM	BALKSPUIT ℓ / ha	RUGSAKSPUIT ml / 20 ℓ gekalibreer teen 200 ℓ / ha	OPMERKINGS
Eenjarige onkruid	2 – 3	200 - 300 ml	Suikerriet is baie gevoelig vir skade, veral in die jong groeistadiums. Dien vóór plant toe óf as 'n gerigte bespuiting en verhoed wegdrywing om skade aan plant- of oorstaanriet te voorkom.
Meerjarige onkruid <i>Cyperus rotundus</i> Rooiuintjies	6	600 ml	Dien toe as 'n gerigte bespuiting tydens vroeë blom met 'n opvolg bespuiting by maksimum herontkieming.
Vernietiging van suikerriet 1. sonder ondergrondse sny van wortels 2. met ondergrondse sny van wortels	8 - 10 4 - 8	800 – 1 000 ml 400 - 800 ml	Dien toe tot op 'n hoogte van 450 mm wanneer stoelstadium van laaste oorstaanriet voltooi is. Dien toe wanneer die laaste her-groei 350 – 1 000 mm hoog is. Wag 2 - 10 dae en sny die stoele op 'n diepte van 100 - 150 mm met 'n ondergrondse lem.
Besmette (bv. brand) óf aftipe plante		2 ℓ	Dien toe as 'n kolbehandeling.

BEHEER VAN ONKRUIDE IN INDUSTRIËLE GEBIEDE

ERASE 360 SL kan gebruik word om een- en meerjarige ongewenste plante op industriële gebiede soos padskouers, kragsubstasies, ens. met 'n na-opkoms bespuiting te beheer. Raadpleeg die onkruidtabelle vir spesifieke onkruid op hierdie etiket.

ONKRUIDE	BALKSPUIT ℓ / ha	RUGSAKSPUIT ml / 20 ℓ gekalibreer teen 300 ℓ / ha	OPMERKINGS
Eenjarige onkruid	2 – 4	133 - 266 ml	Gebruik die laer dosis gedurende die 6 tot 8-blaarstadium en die hoër dosis tot en met saadset. Onkruid moet aktief groei vir maksimum doeltreffendheid.
Meerjarige onkruid	4 - 10	266 - 666 ml	Dien toe tussen somer en herfs en herhaal waar hergroei plaasvind. Beskerm gewenste bome / struik teen kontak.

GEBRUIKSBEPERKINGS IN GEWASSE

GEWAS	OPMERKINGS
WINGERD	Moenie op wingerd jonger as 2 jaar of naby inboetplante jonger as 2 jaar bespuit nie. Dien toe as 'n gerigte bespuiting vanaf bot tot rusperiode. Gebruik slegs tydens laat winter vir die vernietiging van dekgewasse tydens die rus tot vóór botstadium in die Wes-Kaap. Gebruik slegs as 'n vóór botbespuiting tussen laaggroeiende bos- of oplei-wingerd óf wingerd korter as 60 cm. Verhoed kontak tussen sproei-newel en bloeisels, blare, groen stingels of stamme, waterlote en vars wonde. Laat 'n veiligheidsperiode van 10 dae of meer verloop tussen snoei en bespuiting, om opname deur snoeiwonde te voorkom.
KERNVRUGTE : Appels en Pere	Dien slegs toe as 'n gerigte bespuiting in boorde ouer as 3 jaar of naby inboetplante ouer as 3 jaar, indien groen bas en blare genoegsaam beskerm is teen kontak met sproei-newel.
STEENVRUGTE : Perskes, Appelkose, Pruime.	Vermyn kontak van blare, groen bas en vrugte met sproei-newel om skade te voorkom.
SUBTROPIESE VRUGTE : Sitrus, Neute, Avokado's, Lietsjies, Papajas.	Vermyn kontak van blare, groen bas of vrugte met sproei-newel om skade te voorkom. Laat minstens 10 dae verloop tussen snoei en toediening om opname deur wonde te voorkom.

BLADBUFF 5®, **BLADBUFF 12®**, **BLADBUFF 7®** en **TRONIC®** is die geregistreerde handelsmerke van AECI Beperk (Nulandis® 'n afdeling van AECI Beperk)

LI 700® is die geregistreerde handelsmerk van LOVELAND INDUSTRIES, INC., GREELEY, VSA

ASC, **IMIBOOST**, **STOMAWET** is die geregistreerde handelsname van Nulandis® ('n Afdeling van AECI Beperk)